

***SARIE* en *rooi rose* se keuse van voorblaaie:  
tendense en motiverings**

**L. du Plessis**

**13019945**

**Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad Magister Artium in  
Kommunikasiestudies aan die Noordwes-Universiteit,  
Potchefstroom-kampus**

**Studieleier: Prof JD Froneman**

**Potchefstroom**

**2009**

## **Voorwoord**

*Om die hawe van sukses te bereik moet ons seil, soms saam met die wind en ander kere teen die wind, maar jy moet seil, nie dryf of geanker lê nie. (Oliver Holmes)*

Na maande se swoeg met 'n meestersgraad-skripsie het dié aanhaling in my ervaring ook besliste betrekking op my individuele akademiese ondersoek gehad – hoewel ek by voltooiing kan erken dat dit dikwels gevoel het of my bootjie aanhoudend windop gevaar het. Dit was egter dikwels dié soeke en strewe na sukses wat my laat volhard het om te probeer en te baklei, wanneer ek sommer net wou tou opgooi. Gedurende hierdie ondersoek het ek ook opnuut besef juis hóé belangrik dit is om aan te hou glo en vertrou waarop jy hoop. Ek kan opreg erken dat as dit nie vir my geloof in my hemelse Vader was nie, ek nooit die hawe sou kon bereik het nie.

Graag spreek ek 'n opregte woord van dank uit teenoor diegene wat gehelp het om hierdie studie moontlik te maak:

- Alle lof en eer aan my hemelse God en Vader, vir oneindige genade en deursettingsvermoë.
- Aan my studieleier, prof. Johannes Froneman, dankie vir kommentaar, leiding en hulp.
- Aan my ouers, dankie vir aanmoediging en volgehoue gebede.
- Aan my oupa en ouma Smit, dankie vir jul belegging in my drome.
- Aan Martie Pansegrouw (*rooi rose*), dankie vir die geleentheid om eerstehands praktiese ervaring op te doen en ook vir volgehoue vriendelike terugvoer en hulp.
- Aan Alida Vos (*SARIE*), dankie vir volgehoue vriendelike terugvoer en hulp met navrae.
- Aan Unique Janse van Rensburg, dankie vir eindelose ondersteuning, begrip en belangstelling in my werk.

## Opsomming

Die wye verskeidenheid tydskrifte op die Suid-Afrikaanse mark en die ekonomiese insinking wat wêreldwyd ervaar word, bring mee dat die stryd om hoër sirkulasiesyfers en advertensie-inkomste konstant toeneem. Hierdie verskynsel vind veral neerslag by publikasies wat om dieselfde teikengehore meeding, soos die vrouetydskrifte *SARIE* en *rooi rose*, wat jare lank reeds konkurrente in die Afrikaanse vrouetydskrifmark is.

In hiërdie sirkulasiestryd speel die voorblaaie van tydskrifte 'n kritieke rol, aangesien 'n direkte verband gelê kan word tussen die gewildheid van die voorblad van 'n publikasie en die sirkulasiesyfers daarvan. Hoe aanlokliker die voorblad van 'n publikasie is, hoe hoër is die verkope en hoe groter die toename in sirkulasie en potensiële winsgewendheid. Dus is dit vir enige publikasie van die uiterste belang om die regte voorbladkeuses uit te oefen, aangesien die verkeerde keuses ten opsigte daarvan 'n drastiese daling in sirkulasie en uiteindelik noodlottige gevolge vir 'n publikasie kan inhou.

Hierdie studie poog om vas te stel aan watter vereistes tydskrifvoorblaaie moet voldoen en ook watter tendense in die voorbladkeuses van *SARIE* en *rooi rose* geïdentifiseer kan word en hoe dié keuses verklaar kan word.

Daar is gevind dat verskeie vereistes en voorskrifte in die literatuur voorkom waaraan tydskrifvoorblaaie moet voldoen om sukses te kan behaal. Tydskrifvoorblaaie bestaan ook uit verskeie voorbladelemente, naamlik: die mashoof, voorbladmodel/-foto, agtergrondkleure, bewoording asook wedstryde (wat daarop aangekondig word).

Die voorblaaie van *SARIE* en *rooi rose* is aan die hand van hierdie vereistes geanaliseer, en dit het geblyk dat die publikasies se voorblaaie grootliks aan die formaatvereistes (soos in die literatuur uiteengesit) voldoen, ook dat die voorbladelemente, en nie uitsluitlik die gewildheid van die voorbladmodel nie, as geheel die sukses van elke voorblad en uitgawe bepaal. Verskeie aspekte moet dus tydens die beplanning van die voorblad in aanmerking geneem word.

Dit het ook geblyk dat alhoewel die keuse van voorblaaie 'n agenda vir die lesers stel waaroor hulle uiteindelik dink en praat, 'n ander faset van agendastelling (tweedegenerasie-agendastelling) hier eerder ter sake is, naamlik die rol wat lesers se voorkeure (deur hul persoonlike terugvoer en koop van tydskrifte) by redaksies se besluitneming rakende voorblaaie speel.

**Trefwoorde:** vrouetydskrifte, *SARIE*, *rooi rose*, media, joernalistiek, winsmotief, sirkulasiesyfers, voorbladmodel, tydskrifvoorblaaie, agendastelling.

## **Abstract**

The wide variety of magazines in the South African market and the economic relapse that has been experienced worldwide has given rise to the increasing competition for higher circulation figures and advertising income. This phenomenon especially occurs between publications competing for the same target audience, such as the women's magazines *SARIE* and *rooi rose*, competitors over many years in the Afrikaans magazine market.

Magazine covers play a critical role in this rivalry due to the direct connection between the popularity of the cover and circulation figures. The more popular the cover of a publication, the higher the sales, circulation and potential profitability will be. Thus it is of the utmost importance for any publication to make the suitable cover selections, considering that the wrong choices can contribute towards a decrease in circulation and eventually fatal consequences for the publication.

This study endeavours to determine which requirements magazine covers should meet to be successful and also which tendencies can be identified in the cover choices of *SARIE* and *rooi rose* and how these tendencies can be explained.

In literature it was found that there are several requirements and directions to which magazine covers should account to be able to be achieving success. It was also found that magazine covers consist of several elements, such as the logo (master-head), cover-girl/-photo, background colours, text and also competitions (announced on the cover).

*SARIE* and *rooi rose*'s covers were analysed in accordance with the requirements for magazine covers. It was found that these magazine covers complied with the formal requirements formulated in the literature consulted. It also appeared that the success of every cover and edition is determined by the cover elements as a whole and not only the popularity of the "cover-girl" only. Several aspects should thus be taken into account when planning the magazine cover.

It also appeared that although the cover choice sets an agenda for readers concerning the topics they will eventually be thinking about and discussing, another dimension of agenda-setting rather is to the point, namely the role readers' preferences play (through their personal feedback and buying of magazines) regarding editors' decision in respect of covers.

**Key words:** *women's magazines, SARIE, rooi rose, media, journalism, profit motive, circulation figures, cover model, magazine covers and agenda setting*

# **Inhoudsopgawe**

## **Inhoudsopgawe**

**i**

### **Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling, doelstellings en navorsingsmetode**

**1**

- 1.1. Inleiding, agtergrond en probleemstelling
- 1.2. Algemene navorsingsvraag
- 1.3. Spesifieke navorsingsvrae
- 1.4. Spesifieke navorsingsdoelwitte
- 1.5. Rigtinggewende argument
- 1.6. Metode van ondersoek
  - 1.6.1. Literatuurstudie
  - 1.6.2. Empiriese ondersoek
    - 1.6.2.1. Deelnemer-waarnemermetode
    - 1.6.2.2. Inhoudsanalise
    - 1.6.2.3. Onderhoude
- 1.7. Struktuur van studie

### **Hoofstuk 2: Die kriteria, kenmerke en funksies van vrouetydskrifvoorblaai: 'n teoretiese oorsig**

**7**

- 2.1. Inleiding
- 2.2. Funksies van tydskrifvoorblaai
  - 2.2.1. Inligting
  - 2.2.2. Persoonlike identiteit
  - 2.2.3. Integrasie en sosiale interaksie
  - 2.3.4. Vermaak
- 2.3. Kriteria vir suksesvolle tydskrifvoorblaai
  - 2.3.1. Die waarde van tydskrifvoorblaai
  - 2.3.2. Belangrike aspekte van tydskrifvoorblaai
  - 2.3.3. Kenmerke van tydskrifvoorblaai
  - 2.3.4. Vereistes vir tydskrifvoorblaai
  - 2.3.5. Voorbladbeplanning
- 2.4. Voorbladontwerp
  - 2.4.1. Voorbladelemente
    - 2.4.1.1. Die formaat en invloed van kleur op die voorblad
    - 2.4.1.2. Die logo/mashoof

- 2.4.1.3. Bewoording/'prikkel's
- 2.5. Die voorbladmodel
- 2.5.1. Riglyne en vereistes waaraan voorbladmodelle moet voldoen
- 2.5.2. Karaktereienskappe van die voorbladfoto/-model
- 2.5.3. 'Celebrity-kultuur'
- 2.5.4. Gesigsuitdrukking, emosies en oogkontak
- 2.5.4.1. 'Sjokoladedoos' ("chocolate box")
- 2.5.4.2. Uitnodigend
- 2.5.4.3. Superglimlag
- 2.5.4.4. Romanties of seksueel
- 2.5.5. Funksies van die voorbladfoto/-model
- 2.6. Teoretiese stellings

### **Hoofstuk 3: Kwalitatiewe inhoudsanalise: 'n Beskrywing en interpretasie van die voorblaai van *SARIE***

24

- 3.1. Inleiding
- 3.1.1. Agtergrond en die transformasieproses binne *SARIE*
- 3.1.2. *SARIE* se lesersprofiel en mededinging in die tydskrifmark
- 3.1.3. *SARIE* se sirkulasiesyfers, Januarie tot Desember 2008
- 3.2. Die ontwerp van die voorblad.
- 3.3. Inhoudsanalise van die voorblaai van *SARIE* vanaf Januarie 2008 tot Desember 2008
- 3.3.1. Januarie en Februarie 2008
- 3.3.1.1. Januarie 2008-bespreking
- 3.3.1.2. Februarie 2008-bespreking
- 3.3.2. Maart en April 2008
- 3.3.2.1. Maart 2008-bespreking
- 3.3.2.2. April 2008-bespreking
- 3.3.3. Mei en Junie 2008
- 3.3.3.1. Mei 2008-bespreking
- 3.3.3.2. Junie 2008-bespreking
- 3.3.4. Julie en Augustus 2008
- 3.3.4.1. Julie 2008-bespreking
- 3.3.4.2. Augustus 2008-bespreking
- 3.3.5. September en Oktober 2008
- 3.3.5.1. September 2008-bespreking
- 3.3.5.2. Oktober 2008-bespreking
- 3.3.6. November en Desember 2008

- 3.3.6.1. November 2008-bespreking
- 3.3.6.2. Desember 2008-bespreking
- 3.4. Samevatting

## **Hoofstuk 4: Kwalitatiewe inhoudsanalise: 'n Beskrywing en interpretasie van die voorblaai van *rooi rose***

70

- 4.1. Inleiding
  - 4.1.1. Agtergrond en die transformasieproses binne *rooi rose*
  - 4.1.2. *Rooi rose* se lesersprofiel en mededinging in die tydskrifmark
  - 4.1.3. *Rooi rose* se sirkulasiesyfers, Januarie tot Desember 2008
- 4.2. Die ontwerp van die voorblad
  - 4.2.1. Inhoudsanalise van die voorblaai van *rooi rose* vanaf Januarie 2008 tot Desember 2008
    - 4.3.1. Januarie en Februarie 2008
      - 4.3.1.1. Januarie 2008-bespreking
      - 4.3.1.2. Februarie 2008-bespreking
    - 4.3.2. Maart en April 2008
      - 4.3.2.1. Maart 2008-bespreking
      - 4.3.2.2. April 2008-bespreking
    - 4.3.3. Mei en Junie 2008
      - 4.3.3.1. Mei 2008-bespreking
      - 4.3.3.2. Junie 2008-bespreking
    - 4.3.4. Julie en Augustus 2008
      - 4.3.4.1. Julie 2008-bespreking
      - 4.3.4.2. Augustus 2008-bespreking
    - 4.3.5. September en Oktober 2008
      - 4.3.5.1. September 2008-bespreking
      - 4.3.5.2. Oktober 2008-bespreking
    - 4.3.6. November en Desember 2008
      - 4.3.6.1. November 2008-bespreking
      - 4.3.6.2. Desember 2008-bespreking
- 4.4. Samevatting

## **Hoofstuk 5: Slotgevolgtrekkings**

112

- 5.1. Inleiding
- 5.2. Gevolgtrekkings
  - 5.2.1. Literatuurstudie

5.2.2.	Empiriese studie	
5.2.2.1.	Inleiding	
5.2.3.	Samevattende gevolgtrekkings	
5.2.4.	Teoretiese relevansie van bevindings	
		<b>122</b>
<b>Bibliografie</b>		
<b>Bylaes</b>		
Bylae A:	<i>SARIE</i> se voorblaai	I
Bylae B:	<i>Rooi rose</i> se voorblaai	VIII